

# SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

## Beursinligting



**Naam en van:** Theo Galloway

**Universiteit:** Stellenbosch Universiteit

**Meesters:**

**Doktoraal:**

**Postdok:**

**Studierigting:**

Streeksgeskiedenis (Geskiedenis)

**Titel van proefskrif of  
Verhandeling:**

'n Streeksgeskiedenis oor die kusdorpe in die Strandveld van die Overberg,  
circa. 1940-1994.

**Datum van afhandeling:**

Desember 2017

**Uitslag:**

70%

**Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:**

**Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomst van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.**

Die kusstreek van die Strandveld tussen die dorpe van Gansbaai en Witsand het 'n geskiedenis van menslike aktiwiteite wat ongeveer 3000 jaar terug dateer. Van die eerste menslikebewoners in hierdie tydsgewing was dié van die Khoi-Khoi en later die Strandlopergemeenskappe. Teen 1831 het die eerste Europese afstammeling hul intrek in die Stranveldgebied geneem. Leningsplase is aan mense toegeken wat in die gebied 'n bestaan uit boerdery wou maak. Die gebied teen die kus het oor die volgende 150 jaar geweldig verander en dorpe het ontstaan op grond waar plase eens teen die see gegrens het. Die geskiedenis van die Strandveld se kusdorpe is apart opgeteken in boeke en ander geskrifte en nié as 'n streeksgeskiedenis as geheel nie.

Die doel van hierdie tesis was om 'n streeksgeskiedenis van die kusdorpe in die Strandveld, wat die tydperk tussen 1940 en 1994 dek, weer te gee. Daar was gefokus op die streek se geskiedenis met bespreking rondom die dorpe in die gebied. Drie belangrike aspekte is ondersoek. Eerstens was daar gefokus op die voorgeskiedenis van die dorpe in die streek. Die totstandkoming van die streek se dorpe is in hierdie deel bespreek. Tweedens was die rol wat ontginning uit die oseaan op die streek gehad het, belig. In dié afdeling is daar 'n bespreking van die rol wat bestaansvissers, kommersiële vissers en sportvissers in die kusstreek van die Strandveld gespeel het. Laastens ondersoek die studie ook politieke, sowel as kulturele veranderinge wat in die streek plaasgevind het en watter invloed dit op die voortbestaan van die gebied gehad het.